

Hoofstuk van die dag: Johannes 7

Selfs sy broers het nie in Hom geglo nie. (vers 5)

Dis hartseer en ontstellend om hierdie woorde te lees. ’n Mens is lus om jou hande in die lug te gooi. Hoe aaklig moes die Seun van God se menswees nie wees nie! Selfs sy eie broers,

hulle wat Hom tog behoort te geken het, glo nie in Hom nie en is sarkasties met Hom omdat hulle nie verstaan wie Hy is nie, of waarmee Hy besig was nie.
Dit verklaar dalk hoekom Jesus nie een van hulle gekies het om sy dissipel te wees nie. Hulle het hulle immers van Hom en sy roeping gedistansieer.
Tog het die Here Jesus nie opgegee op hulle nie. Iewers, waarskynlik ná sy opstanding, het Hy Homself aan hulle openbaar, of minstens aan sy halfbroer Jakobus (1 Kor 15:7). Jakobus het later die leier van die gemeente in Jerusalem geword, en ons het ook ’n brief van Judas, ’n ander broer van Hom, in die Bybel.
Ek neem twee waarhede hieruit saam. Die een is dat die Here Jesus nooit opgee op mense nie. En die ander is dat die begin nie so belangrik is nie; dis hoe jy eindig wat tel, soos Heb 3:14 onderstreep.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: Johannes 6

> *Maar Jesus sê vir hulle: “Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.” (vers 35)*

Daar is verkeerde redes hoekom mense Jesus aanroep, soos die skare wat agter Jesus aanloop in die hoop om kos te kry. Daar is mense wat Jesus as ’n soort gelukbringer en goeie fee in hulle lewe wil hê. Maar Jesus het nie gekom om alles in ons lewens reg te dokter nie.
Daar is ook mense wat hulle aan Jesus se aansprake erg, soos die Fariseërs wat sê Hy praat nonsens, hoe durf Hy sulke aansprake maak. Daar is vandag nog mense wat Jesus bloot as mens wil vereer, as ’n groot profeet en interpreteerder van God se wil, maar niks meer nie.
Wat ons moet hoor in Jesus se woorde, is die troosvolle belofte dat as jy na Hom toe kom, jy nooit weer sal honger kry nie, of dors nie. Want Hy is vir ons genoeg, soos Dawid in Ps 23:1 sê. Hy is die Een wat ons diepste behoeftes ken en vervul. Hy is die Een wat ons red, troos, bewaar, toerus deur sy Gees en ons lewens regeer.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: Johannes 5

Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in.” (vers 7)

Dié man se antwoord ontstel my elke keer. “Ek het niemand …” Groter as sy behoefte om gesond te word (want dit was wat Jesus hom gevra het) was om iemand te hê. Iemand wat genoeg vir hom omgee om hom te help in sy nood.
Daar is so baie mense in die wêreld wat hulp nodig het dat ’n mens later kan dink: Waar moet ek begin? Mý klein bietjie gaan tog nie ’n verskil kan maak nie. En dan raak ons só moedeloos dat ons niemand help nie.
Jesus wys vir ons dat dit nie nodig is om almal te help nie; ons kan ook nie. Trouens, Jesus self het ook nie almal wat siek was, gehelp nie. Daar was baie gestremdes by die bad (vers 3), maar Jesus help net die een. Die bietjie wat ons kan doen, maak inderdaad ’n verskil.
Dit laat my dink aan Jesus se woorde in Matt 25:31-46, waar Hy ons liefde vir Hom meet aan die wyse waarop ons ander gehelp het (veral Matt 25:40 en 45).



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: Johannes 4

> *Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom ’n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee. (vers 14)*

Dink net: ’n fontein in jou binneste, bruisend van lewe!
Wat is die lewende water wat Hy vir ons wil gee? Dit word deur die Gees in ons gewerk (Joh 7:37-39), na die mate dat ons mense van die Woord is (vgl Ps1:3).
Om hierdie borrelende fontein in ons binneste te kry, sê Jesus, moet jy dit vir Hom vra (vers 10), want dis water wat Hy ons gee (vers 14). Dus: Jy moet met jou dors na Jesus toe gaan. En dan moet jy die lewende water wat Hy gee, drink.
Dit kom nie vanself nie. Jy moet jouself doelbewus oopstel vir sy leiding, en smag daarna dat sy Gees jou verander en vernuwe. Maak sy Woord jou rigsnoer, volg Jesus in alles na, lewe gerig op Hom, en stel Hom eerste.
Dis ’n mondvol, en tereg ook. Want hierdie fontein lewende water is nie vir almal nie, en dit borrel nie sommer vanself in ons binneste op nie. Dis Jesus se geskenk vir mense wat naby aan Hom leef.
Dis mos ’n lewe van oorvloed (Joh 1:16)!



Hoofstuk van die dag: Johannes 3

Hy moet meer word en ek minder. (vers 30)

Die heel grootste ding wat ’n kind van die Here kan doen, is om klein te word. Soos Johannes hier sê: “Hy moet meer word en

ek minder.” Voor God kan jy net groot wees as jy klein is in jouself, as jy leeg is van jouself en jou eie ek, en daarom ruimte het vir die heerlikheid en beeld van Christus in jou lewe.
Geestelike groei beteken om te krimp aan jouself en jou eie ek, jou eie wil, jou selfliefde.
Ek minder, sodat Hy meer kan wees, meer in my lewe, in my denke, in my woorde, in my oordele, in my besluite, in my huwelik.
Ek minder, sodat ek plek kan maak vir Hom in my lewe.
Hy meer, sodat Hy al meer en meer kan regeer in my lewe, sodat ander Hom al meer kan raaksien as hulle na my kyk, sodat sy liefde my hele lewe kan vul.
Dis nie maklik nie, dis soms, meestal, verskriklik moeilik. Dit vra dat jy met jouself en jou selftrots moet worstel. Jesus het dit in soveel woorde gesê (Matt 16:24): “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg …”



Hoofstuk van die dag: Johannes 2

> *Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: "Hulle het nie meer wyn nie." (vers 3)*

Die eerste keer wat ons lees van God wat met die mens besig is, is toe Hy vir Eva uit Adam se ribbebeen maak en hulle twee in die huwelik bevestig (Gen 2). En die heel eerste wonderwerk wat Jesus doen as Hy met sy openbare bediening begin, is óók by 'n huwelikseremonie, hier by die bruilof te Kana. Ek dink God wil daarmee vir ons sê Hy is betrokke by die huwelik. Dis vir Hom belangrik dat die huwelik as instelling die regte plek in ons harte sal hê. Hy waak jaloers oor die huwelik.
En dit is ook nodig, want dit wat met die stomme bruidegom op hierdie huwelik in Kana gebeur het, is nie ongewoon nie. Teenspoed kan op die mees onverwagse tye in 'n mens se huwelik opduik.
Daar is net een verweer teen die aanslae wat die huwelik sal bedreig: sorg dat die Here Jesus deel is van jou huwelik, want Hy kan 'n krisis in 'n fees omskep. Hy het op daardie huwelik in Kana die krisis met die wyn verander in 'n ongelooflike oorvloed.

Dis die Here op wie ons vertrou!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026